KYK OP EN LEWE

NUMERI 21

Die volk trek aan die Ooste van die Jordaan rivier, Noordwaarts, op, en begin gevegte wen teen die einste mense waarteen hulle ouers 38 jaar gelede verloor het, so oorwin hulle die Kanaäniete (Numeri 21:1-3 en 14:45).

Dit lyk dus of hulle die probleme van die verlede nou begin regstel. Hulle is ook nou bereid om te bid, en
om die Here in alles te ken
om 'n gelofte met die Here te maak
en om die oorlogsbuit vir die Here se saak te gee.

Maar nee, die opgewondenheid oor die tweede generasie verdamp wanneer dié groot oorwinning opgevolg word deur nog 'n tranedal van verset oor kos en water. Die skrywer gee dit weer met 'n perfekte idioom: "***die siel van die Israeliete het kort geraak***." Hulle het sat geraak vir slegte kos.

Die blydskap oor die oorwinning was dus van korte duur. In plaas daarvan om soos met die bedreiging van koning Arad van die Kanaäniete tot die Here te bid, vaar hulle uit teen Moses en die Here oor hulle omstandighede.

Die Here se reaksie dié keer op hulle verset is weereens drasties. Hy stuur giftige slange onder hulle in en baie van die Israeliete sterf. Die giftigheid van hulle verset word begroet deur die gif van God se oordeel. *Verset lei tot veroordeling.*

Die Here se oordeel word egter genadiglik begroet met skuldbelydenis deur die volk – teenoor die Here sowel as teenoor Moses – en die hoeveelste voorbidding deur Moses vir die volk in verset.